# WORD GOD DEUR MY VERHEERLIK ?

**PSALM 119: 5 en 6**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Psalm 119:5 Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou!**
**Psalm 119:6 Dan sal ek nie beskaamd staan as ek op al u gebooie let nie.**

Laat my asseblief toe om 'n kort gedagte met julle te deel. Die Here het 'n kosbare Woord met my gedeel en ek wil graag hierdie manna ook met julle deel.

Dit gaan oor iets wat ek glo ook soms met julle gebeur. Ek glo elke persoon wat die opregtheid en ook die liefde van God verstaan, soms sit met hierdie denke. Dit is nie 'n probleem nie. Dit is meer denke. Dit gebeur nogal baie gereeld met my.

Jy kom in die teenwoordigheid van die Here, ervaar dan so 'n wonderlike ontmoeting met Hom, maar dan laat dit jou dink: *Hoe kan hierdie volmaakte, Alwetende, Onbeskryflike God regtig deur my verheerlik kan word?*

Dit is nie dat dit twyfel is nie, en dit is ook nie omdat jy sonde doen nie. Jy bedink 'n situasie net omdat jy mens is. Dié méns wonder net baie keer hoe hierdie Grote, Almagtige, Lewende God deur my verheerlik kan word. *Hoe is dit moontlik dat Hy in my 'n welbehae kan hê?*

Jy ken jou eie menslike swakhede en tekortkominge. Jy ken die vlees. Jou hart is opreg, maar tog is daar hierdie swakhede in elkeen van ons. Terwyl ons mens is en terwyl ons in die vlees is, sal ons dit hê.

- Hoekom voel 'n mens soms soos wat jy voel?

Vanoggend het ek 'n skrif gedeelte gelees wat hierdie hele situasie vir my so duidelik uitgespel het.

Psalm 119:5 Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou!
Die Psalmis sê: Was hy maar net 'n volmaakte en 'n beter mens. As hy maar net 'n mens was wat nooit getwyfel het en nooit in ongeloof was nie; was hy maar net 'n mens sonder al hierdie swakhede. As hy Hom maar net nou al hier op aarde, kon dien as 'n volmaakte en 'n verheerlikte wese.

Dit is nie omdat jy verlore is of sonde doen nie. Dit is net omdat jy 'n swakke en ellendige mens is.

**Psalm 119: 6 Dan sal ek nie beskaamd staan as ek op al u gebooie let nie.**

Dit is soms (partykeer) so dat 'n mens ***beskaamd staan***, soos hy sê. Die gevoel wat 'n mens het is eintlik baie na aan ***beskaamd staan***. Jy voel asof jy niks werd is nie. Jy voel so klein en ellendig wanneer jy in hierdie Almagtige God se teenwoordigheid kom. Jy voel so nutteloos. Ja ek weet ons moet dit glo en ons glo dit, maar ek wil net hê julle moet probeer insien wat ek vir julle probeer oordra.

Dit is nie twyfel of ongeloof nie. Dit is iets wat ek en jy nie kan verstaan nie.

- Die bemoeienis van hierdie Grote God toe Hy gesê het dat daar lig en lug moet wees.
- Die Woorde vir lig en sterrestelsels wat uit Sy mond gegaan het.

Génesis1:3 En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.

-o0o-

Selfs die engele langs Hom was in verwondering oor hierdie Groot en Almagtige God. Hierdie hemelse wesens het in verwondering gestaan oor wat hier plaas vind. Waar kom ek en jy, as swak en ellendige mens, in?

Dit is waarom hy sê ***sal ek nie beskaamd staan as ek op al u gebooie let nie***.

- Hy sê dat hy nie so minderwaardig sou gevoel het, wanneer hy in Sy teenwoordigheid gekom het,
- as hy maar net 'n meer volmaakte en 'n meer Goddelike wese was.

Moontlik het ‘n soortgelyke vraag al deur ons almal se gedagtes gegaan.

Vanmôre het ek hierdie gedagte gesit en bepeins. Terwyl ek bid en dink aan hierdie paar woordjies het die Vader vir my iets gesê:

- Dit wys net weereens wie Hy werklik is.
- Hy het gesê dat Hy gekies het om my lief te hê.
- Dit is omdat God ons Vader wil wees,
- maak nie saak wat ons is of hoe swak ons is nie.

Dit maak niks saak nie. Hy het gekies om vir my en jou lief te hê. As Hy vir my en jou gekies het om lief te hê, dan is Sy liefde verewig - Sy liefde is 'n ewige liefde.

Vanmôre het ek hierdie gedagte met Eleonore, my vrou gedeel terwyl ons brood gebreek het. Met hierdie gedagte in my, wil ek amper sê, het ek 'n nuwe hart. Jy breek hierdie brood en neem hierdie bloed. Jy neem hierdie sakrament, omdat jy niks daarmee te doen het nie, want so lief het God die wêreld gehad.

- Hy het gekies. Johannes. 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
- Dit is Hy wat 'n keuse gemaak het, nie ek en jy nie.
- Hy het 'n keuse gemaak om ons lief te hê.

Wat 'n wonderlike Vader! Ek dink 'n mens begin dan vir die eerste keer in jou lewe regtig die Vaderlike liefde verstaan. Ons, as aardse vaders, is baie lief vir ons kinders. Ons sal alles doen wat ons kinders se harte gelukkig sal maak. Ons sal hulle, asook ons kleinkinders, beskerm en help. Hy sê dan as ons wat sleg is weet hoe om goed te doen, hoeveel te meer ons Vader wat in die hemele is.

Matthéüs 7:11 As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

Mense, kom ons gee ons hemelse Vader vanmôre net weer 'n stywe drukkie en sê: *“Vader dankie vir U liefde. Dankie vir U liefde in al my swakhede en tekortkominge waar ek so vêr tekort skiet, waar ek partykeer skaam was, omdat ek mens is, om in U teenwoordigheid te gaan. Dankie Vader dat U ons lief het”.*

Mag die Here hierdie gedagte vandag seën in julle harte.

Mooi dag verder.

-o0o-